KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER
BERGRIVIER MUNISIPALITEIT
POSBUS 60
PIKETBERG
7320

**NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 09 MAART 2017 OM 14:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG.**

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. EB Manuel | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

Rdh. A de Vries

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | - | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | - | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. JA van Niekerk | - | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. H Kröhn | - | Direkteur Tegniese Dienste |
| Me. A van Sittert | - | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mev. JS Erasmus | - | Interne Ouditeur |
| Mnr. NJ Scheepers | - | Hoof: Komitee en Sekretariële Dienste |
| Me. AA Somers | - | Klerk: Komitee Dienste |

AKSIE

**BKN001/03/2017**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadsheer Van Rooy open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal verwelkom.

***

**BKN002/03/2017**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**BKN003/03/2017**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hul geen persoonlike belange, met betrekking tot die items in die agenda, het nie.

***

**BKN004/03/2017**
**<u>VERKLARINGS/MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN DIE MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

Geen

***

**BKN005/03/2017**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**BKN006/03/2017**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN007/03/2017**
**<u>DRINGENDE SAKE / VERSLAE VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN008/03/2017**
**<u>TERUGVOER VANAF mSCOA KOMITEE OOR ONDERSOEK NA FINANSIËLE STELSEL</u>**
**5/1/1**

Die Onderburgemeester gee breedvoerig agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Die Munisipale Bestuurder bedank die Direkteur Finansiële Dienste en ander amptenare wat Tlokwe Munisipaliteit (Potchefstroom) besoek het en hul verslae ingedien het.

Voorts versoek sy dat die Direkteur Finansiële Dienste ŉ skrywe rig aan Tlokwe Munisipaliteit (Potchefstroom) om hulle te bedank vir die opofferings/demonstrasies en tyd wat hulle afgestaan het aan ons kollegas.

Enkele vrae/kommentaar word gelewer deur die komitee met spesifieke verwysing na Bergrivier Munisipaliteit se mSCOA gereedheid op die nuwe finansiële stelsel en die amptenare se paraatheid vir die implementering daarvan.

Die Direkteur Finansiële Dienste onderneem om Nasionale Tesourie skriftelik in kennis te stel van die Burgemeesterskomitee se besluit rakende die implementering van mSCOA by Bergrivier Munisipaliteit.

**BESLUIT:**

1. Dat Bergrivier Munisipaliteit die tender van Vesta Technical Services (PTY) Ltd aanvaar, soos ingedien tydens Nasionale Tesourie se RT25 tender proses en goedgekeur deur die Munisipale Bestuurder op aanbeveling van die Bodtoekenningskomitee;

2. Dat die nodige goedkeuring, soos vereis in Nasionale Tesourie Omsendbriewe, verkry word om hierdie proses te finaliseer;

3. Dat die nodige ondersoeke gedoen word vir die implementering van die Vesta stelsel, om in werking te tree voor 1 Julie 2017, insluitende ŉ implementeringsprogram; en

4. Dat ŉ dienslewerings-ooreenkoms met Vesta aangegaan word met die insluiting van ŉ boeteklousule vir nie-nakoming en dat die Munisipale Bestuurder gemagtig word om dit te onderteken in konsultasie met die Hoof Finansiële Beampte (CFO).

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN009/03/2017**
**<u>IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD</u>**

Geen

***

**BKN010/03/2017**
**<u>IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS</u>**

Geen

***

**BKN011/03/2017**
**<u>IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING/KENNISNAME</u>**

Geen

***

**BKN012/03/2017**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING/KENNISNAME**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 14:25*

***BEKRAGTIG AS 'N WARE WEERGAWE VAN DIE VERRIGTINGE***

***VOORSITTER***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***DATUM***

***